**Sondag 11 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:49-56**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:49**

## Die Woord van die Here vervul ’n mens met hoop

Daar is nie baie dinge in ons land en in die wêreld wat vir ’n mens hoop gee nie. Inteendeel, dinge lyk maar taamlik hoop-loos. Daar is baie politieke en ekonomiese onsekerhede. Daar is misdaad, korrupsie en geweld. Daar is natuurrampe, aardbewings en oorstromings. Daar is ook ’n skrikwekkende geestelike verval, onverskilligheid en goddeloosheid wat by die dag toeneem.

Soms speel ’n mens se persoonlike omstandighede ook ’n rol om jou te laat voel dat daar geen hoop is nie. Dink maar aan die persoon wat ernstig siek is, of aan die persoon wat sy werk oornag verloor het, of aan die een wie se huwelik verbrokkel het. Dit voel dikwels vir so ’n persoon asof daar vir hom net mooi niks oorbly nie.

Waaraan kan jy in sulke omstandighede vashou? Wat gee vir jou hoop? Die Psalmdigter sê: “Onthou tog u woord aan my, die woord waarop u my laat hoop het”, of – soos die nuwe Direkte Vertaling dit stel – die woord “waarmee U aan my hoop gegee het.”

Die Woord wat hoop gee, is die evangelie van verlossing. Ten diepste is dit Jesus Christus, die Woord wat vlees geword het. Hy gee hoop omdat Hy ’n heerlike, ewige toekoms vir die kinders van God verdien het, ’n toekoms wat nie meer onsekerhede en misdaad en natuurrampe en persoonlike beproewinge ken nie, ’n toekoms wat van die sonde en die pynlike gevolge van die sonde verlos is.

Gryp daarom, in kinderlike geloof, vas aan die Woord en aan die beloftes van die Here, aan dié Woord wat hoop gee.

*Sing: Psalm 119:30, 60 (1936)*

*Ds. CJH (Casper) Breed (Secunda)*